PROJEK 1 ▶ HOE OM 'N DRIEPUNT-MUURPROP TE VERVANG

JY BENODIG

driepunt-muurprop, skerp mes en skroewedraaiers

STAP 1

Verwyder sowat 25 mm van die koord se plastiekomhulsel met 'n mes. Maak 'n sny van sowat 1 mm diep in die omhulsel, maar moenie deur die gekleurde isolasiemateriaal om die drie koperdraadjies sny nie.

Bekers **R29 elk**, servette **R17 elk**, Breville-ketel **R490**, alles **@home**. Essentials-lepels **R89,95 vir ses**, wit porseleinborde **R35 elk**, alles **Woolworths**. Blik **R229**, **Loads of Living**.

STAP 2

Verwyder 6 mm van die gekleurde isolasiemateriaal om elk van die drie koperdrade en rol dan die koperdraadjies tussen jou vingers om hulle mooi saam te druk.

STAP 3

Draai die skroefies op elk van die koperpunte van die prop losser. Steek die geel-en-groen draad in die gaatjie in die koperpunt heel bo in die driehoek. Dis gewoonlik met 'n E vir Earth (aarddraad) gemerk. Draai die skroefie vas sodat die draad stewig sit. Steek die bruin draad in die onderste punt wat met 'n L vir Lewend gemerk is en draai die skroefie stywer. Steek die blou draad in die laaste koperpunt wat met 'n N vir Neutraal gemerk is. Druk die koord deur die twee wit klampies voor jy die deksel opsit en dit vasskroef.

Onthou

Blou = neutraal (N)
Bruin = lewend (L)
Geel-en-groen = Aard (Earth)

Cashbuild
GEHALTE BOUMATERIAAL TEEN DIE LAAGSTE PRYSE
182 Winkels en steeds aan die groei deurdeur Suider Afrika

WENK: **GEBRUIK 'N SWART RUBBERMUURPROP VIR ELEKTRIESE TOEBEHORE SOOS WASMASJIENE OF DROËRS WAT BAIE KRAG VERBRUIK.**